

## Moses se opvolger: 'n Man wat hulle uitlei en inlei

Num 27:12-23

10 Oktober 2021

1. Aanwysing van Moses se opvolger is verdere voorbereiding vir die inname van die land
2. Gevolge van Moses se ongehoorsaamheid (Num 27:12-14)
  - a. Moses het by Meriba by Kades die rots geslaan i.p.v om daarmee te praat (Num 20:1-13), vgl met eerste water-uit-rots insident (Eks 17)
  - b. Tyd het gekom vir Moses om te sterf
  - c. Moses het herhaaldelik gevra om die land te mag ingaan (Deut 3:23-28)
  - d. Moses het nie vir ewig verlore gegaan nie (Heb 11:24ev), het wel voorreg verloor om die volk die land in te lei
  - e. Alle leiers moet noukeurig bou (vgl 1 Kor 3:12-15)
  - f. Waak teen gemaklikheid met jou rol, veral later in jou lewe (vgl Noag, Dawid, Salomo)
3. Aanwysing van Moses se opvolger (Num 27:15-23)
  - a. Moses vra die Here, uit besorgdheid oor die volk, vir opvolger om volk te lei, hulle herder te wees
  - b. Die Here wys Josua aan – nie Moses se nageslag nie (Eks 2:1, Num 13:5)
    - i. Van jongs af Moses se assistent (Num 11:28)
    - ii. Een van 2 getroue verkenners van die land (Num 13-14)
    - iii. Die Gees van die Here was in hom (v18)
  - c. Moses dra van sy gesag aan Josua oor
  - d. Josua moet die Here deur Eleasar nader (vgl met Moses in Num 12:6-8)
  - e. Die Here berei mense voor vir leierskapsrolle. Nie alle leiers vervul hulle rol dieselfde nie
4. 'n Verdere interpretasie
  - a. Beide Moses en Jesus is leiers, op punt om te verlaat, weens sonde (eie of ander se sonde), verlaat deur die dood (maar Jesus staan op en vaar op), op 'n berg
  - b. Beide Moses en Jesus worstel met die Here, die antwoord aan beide is dieselfde
  - c. Moses vra vir iemand om volk uit en in te lei, hulle herder te wees; Jesus is die ingang en die goeie Herder (Joh 10:7-15)
  - d. Joh 13:33 – Jesus gaan weg; Joh 14:16-17 – Jesus gaan ander Voorspraak vra (soos Moses ander leier vra), dit is die Heilige Gees, wat ook in Josua was
  - e. Moses dra gesag aan Josua oor, Josua moet deur hoëpriester met die Here praat
    - i. Joh 17:6-8 – Jesus maak die Vader se woorde bekend, soos Moses;
    - ii. Joh 14:26, 15:26, 16:13-14 – Heilige Gees maak Jesus (ware Hoëpriester) se woorde bekend, getuig oor Hom, soos Josua
  - f. Josua moet volk inlei; Pinksterdag kom die Heilige Gees en 3 000 word “ingelei”
  - g. Deut 31:3-6 – Moenie bang wees nie, die Here gaan saam; Mat 28:19-20 – Jesus is by julle (deur die Heilige Gees)
  - h. Jos 1:7-9 – Hou die wet van die Here noukeurig; Eseg 36:27 – Heilige Gees sal maak dat die bepalings van die Here nagekom word
  - i. Dus: Josua is Ou Testamentiese tipe van die Heilige Gees